**H.P. van Coller**

H.P. van Coller is uitstaande professor en hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.
E-pos: vcollerh.hum@mail.uovs.ac.za

# *Anderkant die stilte* (André P. Brink) en die verwerking van trauma

**Anderkant die stilte *(André P. Brink) and the mastering of trauma***

Quite a few Afrikaans literary critics have contended that the telling of stories can play a significant role in dealing with a traumatic past. H.P. van Coller (1997) spoke in this regard of "The Truth and Reconciliation Committee" in Afrikaans literature, based on salient traits in contemporary Afrikaans literary texts. In stark contrast to these critics Philip John (2000) insisted that it is naïve and shortsighted to expect (literary) texts to heal traumas. He instead argues for the reshaping (*Aufarbeitung*) of the past. John also maintains that "repressor", "repressed" and "guilt" are fuzzy concepts and open to abuse. This article takes issue with John. It is stated that narrative accounts of trauma can be therapeutic and that terms like "repressor" and "repressed" are often necessary in a psychological healing process. Actantial roles (as described by concepts such as "protagonist" and "antagonist"; "repressor" and "repressed") are necessary prerequisites for any narrative. According to Ernst van Alphen (1999) trauma is evoked by the incapacity to narrate a traumatic past. Lastly it is asserted that stories (and literature) are important "in a time of cholera" and as in the case of, provide an individual and a collective, the means for survival. These theoretical and philosophical arguments are illustrated with reference to *Anderkant die stilte* (2002) by André P. Brink. **Key words:** André Brink, *The Other Side of Silence* (*Anderkant die stilte*), trauma, healing, truth, reconciliation.

> "De ware getuige is dood. Niemand kan zijn plaats innemen. De getraumatiseerde heeft niets te vertellen en kan niet worden gehoord. Toch dient iemand te getuigen (...) wie dexe opdracht aanvaardt, levert zijn spreken over aan het onbegript. Schrikt niet terug voor de mogelijkheid niet gehoord te worden, laat de eenzaamheid van de niet-mededeelbare en het geheim van de schaamte toe. Zo iemand is de romanschriver." – *Dirk de Schutter*

'n Paar jaar gelede het Van Coller (1997) in 'n artikel "Die waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: die Afrikaanse prosa in die jare negentig" die Afrikaanse letterkunde beskrywe in terme van die gerugmakende Waarheids-en Versoeningskommissie. Sy tese was dat die Afrikaanse literatuur (veral die prosa) van die jare negentig obsessioneel betrokke was by die verlede, dat die verlede onder die loep geneem is, skuld uitgedeel is en (te selde) vergewe is. Hoewel die WVK

volgens hom in beginsel nooit *die waarheid* sou kon agterhaal nie, het dit die geleentheid gebied aan mense om hul stories te vertel en deur hierdie narratiewe objektivering en afstandname kon dader én slagoffer daarin slaag om die verlede te oorkom en traumas te verwerk .Van Coller gebruik die term *Vergangenheitsbewältigung*, dit wil sê "bemeestering van die verlede".

Die helende krag van narratiewe word in hierdie selfde tyd ook in ander artikels in Afrikaans vermeld (kyk Erasmus, 1995; Van Heerden, 1995; Visagie, 1997 en Burger, 1997). In kontras hiermee is John (2000: 50) veel minder optimisties ten aansien van die helende krag van die literatuur en vind hy dat die genoemde kritici se vertroue wat hul stel in die terapeutiese werking van literatuur, op "wankele bene" staan. Volgens John mag literatuur eerder wonde oopkrap, as genees. Voorts vind hy dat terme ietwat lukraak geleen word uit ander dissiplines en dan van toepassing gemaak word op die Afrikaanse literatuur. Tog is sy besware teen eerder vermelde kritici, volgens hom, van fundamenteler aard. As eerste voorbeeld van 'n kritikus by wie se denke hy aanklank vind, siteer hy Goosen (1999).

Goosen onderskei volgens John (2000: 51) tussen 'n "ekonomiese" en 'n "waansinnige" benadering tot skuld. Afrikaanse literêre kritici soos Erasmus, 1995; Van Heerden, 1995; Van Coller, 1997 ensovoorts (én die WVK) val volgens hom binne die "ekonomiese" benadering. Dit is 'n benadering wat daarvan uitgaan dat vergrype reggestel kan word deur "kompensatoriese" handelinge. Goosen wys 'n "ekonomiese" benadering ten aansien van skuld van die hand, omdat dit volgens hom uiteindelik wéér uitloop op geweld en uitsluiting. So 'n opvatting, aldus Goosen, gaan gepaard met 'n gemeenskap waarin skuld weggewerk word.

Die benadering wat hy voorstaan gaan uit van "die waansin van 'n skuld sonder gronde" en erken voorts "dat die verlede gebou is op konflikte en kontradiksies, én dat hierdie kontradiksies steeds voortbestaan, en nie deur die een of ander terapeutiese proses uit die weg geruim kan word nie, nóg deur belydenis, nóg deur versoening, nóg deur vergiffenis. Pogings om dié feit te ignoreer of die verdeeldheid aktief met behulp van politieke ingryping te probeer verander, sal slegs die verdeeldheid van die verlede laat opleef en traumas herhaal" (John, 2000: 52).Veel eerder verkies Goosen 'n gemeenskap wat verskille erken en as vertrekpunt neem. Die soort gemeenskap is nie die soort waaraan permanent vorm gegee kan word nie, maar waaraan voortdurend gewerk moet word.

John haal vervolgens Adorno (1986) aan wat betoog dat nie ′n analise of terapeutiese verwerking van die verlede die meeste gewig moet dra nie, maar ′n toespitsing op die hede. Binne sy neo-marxistiese denke moet die materiële omstandighede gewysig word sodat ′n herhaling van die "patologiese" van die verlede (byvoorbeeld die fascisme) nooit herhaal kan word nie. Twee dinge wat Adorno uitsonder is die "outoritêre karaktertipe" en die "kollektiewe narcissisme", met ander woorde ′n siening dat mag allesbepalend is en ′n chauvinsitiese toespitsing op eie behoeftes. John (2000: 56) trag voorts om hierdie denke van toepassing te maak op die Suid-Afrikaanse situasie en (met veel minder oortuigingskrag) op die Afrikaanse literatuur. Waarteen hy waarsku is ′n verwerking van die verlede wat simplisties is en waarin bepaalde bevolkingsgroepe "byvoorbeeld geassosieer word met terme soos 'onderdrukker', 'onderdrukte', 'skuld', ensovoorts". Hoeseer ′n mens weer eens voel dat sy doelwit lofwaardig is, kan jy kwalik glo dat ná Auschwitz in bepaalde gevalle veel nagedink hoef te word oor vermelde terme. In die geval van die *Holocaust* ("Groot Brandoffer") grens so ′n standpunt aan die onsmaaklike.

Want hóé idealisties Goosen se siening ook al is, dit bied weinig vashouplek wat betref die trauma wat byvoorbeeld die Jode ervaar het in die Tweede Wêreldoorlog se uitwissingskampe. Dit dek ook nie die trauma wat slagoffers ondergaan het aan die hande van daders op ′n kollektiewe vlak nie. In baie sodanige gevalle is daar duidelik sprake van "skuld" en "sonde" en dus ook van morele regverdigheid. Hier gaan dit duidelik nie om ′n proses van "onderhandeling" soos Goosen by implikasie voorstaan nie. Wat éérs moet gebeur, is dat slagoffers hul traumas moet verwerk, en in die woorde van Van Alphen (1999) narratief moet kan vorm gee. Skulderkentenis van die boosdoeners is al ′n belangrike stap in die hele proses omdat dit ten minste ′n antagonis daarstel, en ′n narratiewe handelingspatroon, onderdele van enige sinvolle narratief, ′n kwessie waarop later in meer besonderhede op ingegaan word.

Waar John hopeloos in tekort skiet, is om die beskrywing van die Afrikaanse literêre veld gelyk te stel met wat sy ideale daarvoor sou wees. Genoemde kritici wat onder sy roede deurloop, het almal getrag om (aspekte van) die Afrikaanse literatuur te beskrywe. Indien John dit daarmee oneens sou wees, het dit hom vry gestaan om ′n alternatiewe beskrywing aan te bied. Dit het hy nie gedoen nie. Dit is sy goeie reg om iets anders van die Afrikaanse kritici (en van die Afrikaanse literatuur) te verwag as wat dit dan skynbaar tot op datum presteer het,

maar om by implikasie te beweer dat genoemde kritici dwaal in hul beskrywing en interpretasie van die literêre veld, noodsaak eintlik 'n alternatiewe beskrywing deur John.

John (2000: 57) beveel Adorno se benadering sterk aan by "die Afrikaanse letterkunde en kultuur" en in die verbygaan word die "vertroue in stories" gou afgemaak as "uiters naïef en kortsigtig". Die implikasie is dat Afrikaanse skrywers tot dusver gedwaal het in hul eie geloof dat die literatuur 'n helende rol kan speel binne 'n getraumatiseerde gemeenskap. Dit is nie net op ironiese wyse bevestiging van die interpretasie van die genoemde kritici nie, dit relativeer die waarde van literatuur op radikale wyse. In wat volg wil ek graag in gesprek tree met John omdat ek eerstens glo dat

- daar genoeg bewyse voor bestaan dat die vertel van stories traumas help genees;
- dat terme soos "onderdrukker", geweldenaar", "slagoffer" en "skuld" nie maar vae, metafisiese begrippe is nie, maar ook narratief betekenisvol kan wees, veral in diskoerse van getraumatiseerde mense;
- die vertel van stories nie slegs sinvol is vir skrywers nie, maar dat die lees /aanhoor daarvan ook vir ontvangers (veral binne 'n situasie van sinnelose geweld) waarde het.

John se skeptisisme oor die helende krag van stories, by wyse van uitbreiding, van die vermoë van vertelkuns om traumas te genees, is kwalik nuut. Dit was dieselfde Adorno waarop hy sy vroeëre argument gebaseer het, wat aanvanklik beweer het dat na Auschwitz daar nie meer poësie geskryf kan (en behoort) te word nie. Later moes hy sy standpunt radikaal herverwoord met die strekking dat hy dit gehad het oor estetiserende kuns van 'n ou orde (kyk Steunebrink, 1994). Paul Célan se poësie is byvoorbeeld aanvanklik kwaai gekritiseer oor die "estetiserende " aard daarvan (kyk Sars, 1994). Wyschogrod (1975: 68) het geargumenteer dat "Art takes the sting out of suffering (…) it is therefore forbidden to make fiction of the Holocaust (…) Any attempt to transform the Holocaust into art demeans the Holocaust". George Steiner het selfs in nog meer radikale terme sy protes verwoord. Brink (1998: 19) haal hom aan: "The World of Auschwitz lies outside speech as it lies outside reason". Later skryf Steiner self 'n roman oor die *Holocaust*!

Ester en De Moor (1994: 7 e.v.) gaan in besonderhede in op wat genoem is die *Historikerstreit.* In hierdie kontroverse gaan dit oor die vraag hoe die moord op miljoene Jode histories begryp moet word.

Was dit 'n misdaad wat vergelyk kan word met ander historiese vergrype of was dit 'n gebeurtenis wat op sigself staan en derhalwe onvergelykbaar is? Adorno se estetiese teorie sluit uiteraard hierby aan én ook Goosen se eerder vermelde uitgangspunte. Beide word gedryf deur een oorheersende begeerte: om die terugkeer van 'n Auschwitz te verhinder. "Moet de taal volgens Adorno derhalve aan de ene kant met uiterste scepsis worden bekeken en kan de poëzie slechts zin hebben in het op dialectische wijze ter discussie stellen van betekenis, aan de andere kant pleit Adorno voor inzicht in menselijke wetmatigheden die tot allerlei vormen van barbaredom kunnen leiden" (Ester en De Moor, 1994: 8). In hierdie denke van Adorno en in geskrifte van Max Picard sien ons reeds die paradoks. Taal is onbetroubaar en kan nooit deurdring tot die essensie van lyding en ook trauma nie. Tog is daar ook iets terapeuties opgesluit in taal.

In die Nederlandse konteks was dit veral Sam Dresden (1991) wat hierdie vraag oor die morele regverdiging vir die estetisering van geweld, aan die orde gestel het. Woorde ontbreek volgens hom om die vreeslikheid van oorlog te verwoord; daarom het die onuitspreeklike 'n fundamentele kategorie van belewenisse geraak. Die leser van oorlogsliteratuur het altyd te make met afwesigheid en stilte: "Hij verkeert in de noodzaak het niet-zijn te doen spreken" (Ester en De Moor, 1994: 9). Volgens Bronzwaer (1994: 23) is Adorno se standpunt dat fiksie nooit los mag staan van die feit nie; nooit mag die verskrikking van die werklikheid ons laat vlug in troostende mites nie. Daarteenoor is die uitgangspunt van George Steiner (1983) dat die ervaringe van oorlog en *Holocaust* nooit verlore mag gaan as "ingepaste" en afgehandelde feite nie. Veel eerder moet ons hierdie ervaringe toegang bied tot ons "mite", tot die universele verhaal wat ons oor onsself vertel en waarin ons ons menslike aard, met inbegrip van wat daarin onmenslik is, onder oë sien.

Veral sedert die werk van Shoshana Felman en Dori Laub (1992) is daar hewig gediskusseer oor die noodsaak van traumatiese herinneringe om gelegitimeer en narratologies geïntegreer te word sodat hulle hul houvas op die getraumatiseerde subjek kan verloor. Traumatiese herinneringe bly subjekte helder by en/of verset hul teen integrasie (Bal, e.a., 1999). Hulle kan in beide gevalle nie narratiewe word nie, óf omdat die traumatiserende gebeure eerder herhaaldelik "opgevoer" word eerder as narratologies gestruktureer – en sodoende bemeester – word, óf omdat hul "buite" die subjek bly. Bal verwys in haar inleidende opmerkinge veral na die werk van Bessel A. van der Kolk en Onno van der Hart (1995) wat 'n studie gemaak het van die werk van Pierre Janet, 'n kollega van

Freud. In hul bespreking van die probleme om trauma te inkorporeer in narratiewe herinnering, fokus hul eerder op "dissosiasie" eerder as op repressie wat in die verlede bykans eksklusiewe aandag ontvang het.

In narratologiese terme is die gevolg van repressie 'n vorm van ellips: die belangrike weglating van belangrike elemente in die narratief. Dissosiasie daarteenoor, verdubbel die die narratiewe hooflyn, deur af te splits in syvertakkings. Met ander woorde, repressie onderbreek die vloei van die narratief wat herinnering vorm; dissosiasie splinter material af wat nie weer in die hoofnarratief geïnkorporeer kan word nie. Dit is by wyse van spreke 'n alternatiewe gedagtestroom wat onbewustelik kan geskied of die onbewuste kan domineer. Pierre Janet het herinnering gesien as die aksie van storie-vertel. "Traumatic (non)memory thus gives insight, through contrast, into the formation of 'normal', narrative memory" (Bal, 1999: ix).

Vir Bal (1999: x) is kuns belangrik omdat dit medieer tussen die getraumatiseerdes en ontvangers, byvoorbeeld lesers:

> The recipients of the account perform an act of memory that is potentially healing, as it calls for political and cultural solidarity in recognizing the traumatized party's predicament. This act is potentially healing because it generates narratives that "make sense." To enter memory, the traumatic event of the past needs to be "narratable". Those memories that are most 'normal' – narrative memories – thus provide a standard, however problematic, to measure what it means to speak of cultural memory.

Van Alphen (1999: 24) beweer dat ervaring nie so direk en ongemedieer is as wat skynbaar vroeër aanvaar is nie. Ervaring is afhanklik van diskursiewe aspekte voordat dit "ontstaan"; vorme van ervaring is nie slegs afhanklik van die gebeurtenis of geskiedenis wat ervaar word nie, maar ook van die diskoers waarmee die gebeurtenis uitgedruk of gekonsepsualiseer word. In sy studie gaan Van Alphen daarvan uit dat subjekte die effek is van die diskursiewe prosessering van hul ervarings. Die diskoers is nie 'n ondergeskikte medium waarin ervaringe uitgedruk kan word nie, "Rather, discourse plays a fundamental role in the process that allows experiences to come about and in shaping their form and content" (Van Alphen, 1999: 25). Wat Van Alphen hom ten doel stel, is om bewyse aan te voer vir sy tese dat die gevolg van trauma juis die onmoontlikheid is om 'n gebeurtenis te ervaar en te memoriseer.

In beginsel bied representasie die moontlikheid om 'n uitdrukking te wees van selfs ekstreme ervaringe. Representasie is nie 'n tydlose

fenomeen nie, maar histories en kultureel spesifiek. Die onmoontlikheid van slagoffers van die *Holocaust* om hul ervaringe te verwoord of te representeer, lê nie in die aard van die gebeure nie, ook nie in die beperkinge in die beskikbare vorme van representasie nie, "rather, it is the split between the living of an event and the available forms of representation with/in which the event can be experienced" (Van Alphen, 1999: 27). Ervaar beteken reeds 'n mate van distansiëring en om gebeure te ervaar beteken om dit te representeer. Wat van Alphen se uitgangspunt is, is dat die gebeure van die *Holocaust* nie ervaar kan (kon) word nie, omdat taal nie die moontlikheid gebied het waarbinne dit ervaar kon word nie; daarom word hulle gedefinieer as traumaties.

Die struikelblokke wat in die weg staan van ervaring en representasie is volgens Van Alphen almal van diskursiewe aard. Twee van die struikelblokke of representasie-probleme het te make met die subjekposisies van die oorlewendes; die ander twee hou verband met die narratiewe rame wat gebruik word om die *Holocaust* weer te gee. Die vier probleme word deur hom soos volg weergegee:

- ambigue aktansiële posisies; persone is nóg subjek of objek van die gebeure of beide gelyktydig;
- totale ontkenning van enige aktansiële posisie of subjektiwiteit;
- die gebrek aan 'n plot of narratiewe raamwerk waarbinne die gebeure vertel kan word as betekenisvol en samehangend;
- die plotstrukture of narratiewe raamwerke wat beskikbaar is, is onaanvaarbaar, omdat hulle nie reg laat geskied aan die manier waarop 'n mens deel is van die gebeure nie.

So wonder party slagoffers of hul wel genoegsame objekte was; het hulle byvoorbeeld genoeg gedoen om ander te help? Hayden White (1992) het volgens Van Alphen (1999: 30) voorgestel dat daar 'n nuwe retoriese modus gevind of ontwikkel moet word om oor die *Holocaust* te praat. Hy praat van die sogenaamde "middle voice", "[t]he active as well as the passive voice situate the agent or actant outside the action as such. The agent is the subject or object of it. The middle voice on the contrary situates the agent inside the action. The agent takes part in the action or event without being the subject or the object of it."

Nóg erger was situasies in die *Holocaust* waar subjekte geen aktansiële rolle gespeel het nie. Binne die uitwissingskampe kon baie mense nooit optree sonder om hul eie lewe in gevaar te stel nie. Langer (1991: 123), aangehaal deur Van Alphen, sê dat binne die kampsituasie "[s]elfish must be read as 'self-ish': in order to survive, all norms and

values regarding fellow human beings must be ignored." Die hele opvatting dat daar sprake was van eksistensiële keuses is eintlik geromantiseer; die hele situasie is eintlik gekenmerk deur die gebrek aan keuses. Getuienisse het aan die lig gebring dat mans veral hiervan slagoffers was, omdat dit vir hulle problematies was om hulle "self" te negeer en dood te maak. Wanneer jy dit doen, kan jy nie meer vertel nie; jy beskik nie meer oor 'n stem nie. Mense ervaar ook gebeure vanuit die perspektief van narratiewe raamwerke. Dit is juis dié onmoontlikheid om 'n narratiewe raamwerk daar te stel wat ervaringe in die *Holocaust* kenmerk.

Naas die genoemde voorbeelde van situasies wat nie ervaar kon word nie, vanweë die afwesigheid van konvensionele narratiewe raamwerke, is daar ook voorbeelde van die gebrekkigheid van sodanige raamwerke. Die tradisionele historiese plot vereis dat 'n situasie of 'n konflik gevolg word deur 'n oplossing, 'n denouement. Dit gebeur *nie* by die slagoffers van die *Holocaust* nie: die kampervaring blý voortduur, hoewel die kampe slegs voortduur in die vorme van museums en ander vorme van herdenking, "the basic feeling of being dead, or of continuing living as a dead person, is not narratable" (Van Alphen, 1999: 35). Trauma is dus beskryfbaar as mislukte ervaring; "Failed experience excludes the possibility of a voluntary controlled memory of the event: it implies at the same time the discursivity of 'successful' experience and memory."

Van Alphen sluit sy studie af deur sy bevindinge te vergelyk met dié van Bessel van der Kolk en Onno van der Hart (1995). In hul studie bespreek hulle die werk van Janet wat onderskei tussen gewoonteherinnering ("habit memory"), narratiewe herinnering en traumatiese herinnering. Waar die eerste die outomatiese integrasie is van nuwe inligting, is die tweede mentale konstrukte wat mense gebruik om sin te maak uit ervaring. Die herinnering van ervaringe wat weerstand bied teen integrasie en nie maklik beskikbaar is vir "retrieval" (herwinning/heroproeping) nie, noem hulle *traumatiese herinnering*. Hoewel daar groot ooreenkomste bestaan tussen die denke van Van Alphen enersyds en Van der Kolke en Van der Hart andersyds, sien eersgenoemde ervaring nie as individueel nie; alle ervaringe word ook kultureel gedeel:

> Since discourse is by definition shared, experience is by definition shared, experience is collective as well as individual. And this implies by extension that memory is always at the same time cultural memory (…) [m]emory is not something we have, but something we produce *as individuals sharing a culture*. Memory is, then, the mutually

> constitutive intercation between the past and the present, shared as culture but acted out by each of us as an individual (Van Alphen, 1999: 37).

Dit is opvallend dat baie van (veral die laaste paar) romans van André P. Brink in die teken staan van *herinnering*, nie net van 'n persoonlike geskiedenis soos dié van Ruben Olivier, Hanna X of Chris Minnaar nie, maar van 'n kollektiewe (Suid-Afrikaanse) geskiedenis wat eeue omvat. Dit gaan by Brink inderdaad daarom dat die geykte "groot geskiedenisse" ondermyn of aangevul word met alternatiewe (dikwels "klein geskiedenisse"). Sy romans word ook toenemend gekenmerk deur die *skryf/vertel* van dié geskiedenisse ook as 'n vorm van *objektiverende bekentenis* cum "boetedoening" (*Donkermaan; Voor ek vergeet)* óf *poging om tot helderheid te kom* ('n verkapte vorm van individuasie) soos in *Anderkant die stilte.* Bykans altyd is daar in hierdie romans uiteindelik die *triomfantelike einde,* omdat begeerte onaangetas en heel bly (*Donkermaan*, 345) of Hanna X "uiteindelik, aan die anderkant uitgekom het" (*Anderkant die stilte*, 323).

Die belangrikheid van stories oorheers in hierdie romans en telkens keer sekere stories terug as dié amulet teen die vuur: die stories van Jeanne d' Arc, die verhaal van Sjeherazade en die wyse waarop sy die dood 'n duisend-en-een nagte telkens besweer (en uiteindelik oorwin) én 'n hele versameling van inheemse Afrika-mites en -legendes. Wat in Brink se werk ook al hoe meer sentraal staan, is die feit dat nét stories die mens kan red "in a time of cholera"; dat literatuur traumas heel én die hoop intakt hou. Brink se hoofkarakters raak ook toenemend antihelde: 'n labiele, rebelse, leuenaar (*Inteendeel);* 'n verloopte, vloekende alkoholis (*Duiwelskloof);* 'n wêreldvreemde, romantiese dromer (*Donkermaan);* 'n geskende, a-morele geweldenaar (*Anderkant die stilte)* en die verdoemde Don Juan-figuur wat in sy herinneringe boetedoen vir sy ontrouheid en verraad (*Voor ek vergeet).* Baie van hierdie personasies vertoon satiriese en veral pikareske trekke, maar veral *Inteendeel* en *Anderkant die stilte* kan as rasegte pikareske romans getipeer word en voldoen (soos ook George Weideman se roman *Draaijakkals*) aan bykans alle kenmerke van hierdie sub-genre (kyk ook Cochrane, 2004). In die proses word ook hewig kritiek gelewer op die samelewing, soos trouens gebruiklik is in pikareske romans.

Monika Maron (kyk Gilson, 2001: 124) skryf in haar *Animal triste* dat die proses van herinnering absoluut niks te make het met "nie-vergeet" nie. Herinnering beteken altyd "opnuut uitvind" of soos Gilson (2001:

124) vir Siegfried Schmidt (1993) parafraseer: "Herinneren construeert het verleden." Ten spyte van sy titel, *Voor ek vergeet*, is Brink (en sy hoofkarakter, Chris Minnaar) hul van dié feit deeglik bewus. 'n Mens verkry identiteit deur herinnering en beide is "retoriese verwesenlikinge", volgens Gilson. Dit wat as lewensloop geherkonstrueer word, is 'n stuk "buitgemaakte" lewe wat weggedra word en in ons biografie ingebou word. Daarom is dit nie noodsaaklikerwys identiek met wat werklik was nie. En dit is trouens ook die kernbetoog van post-strukturalistiese opvattinge oor geskiedskrywing én een van die sentrale motiewe in *Anderkant die stilte.*

Gilson (2001: 129) sê dat die kontoere van *'n herinneringsboek* (soos byna elkeen van Brink se laaste paar boeke getipeer kan word), steeds geteken word deur dit wat nie waargeneem word nie, onvermeld bly, vergeet word. En sedert Freud het "vergeet" sy onskuld verloor. Iemand wat iets vergeet het, moet homself of haarself, verdedig. Wil jy iets ontken?, of is die vergeet 'n vorm van *verdringing* wat eweneens lyk na 'n vorm van onmag? En tog is vergeet 'n noodsaaklike om psigies gesond te raak, sê Gilson en haal Nietzsche aan wat by lesers die kuns en krag om te kan vergeet, aanbeveel. Ook Niklas Luhmann word opsommend gesiteer: "Men vergeet en herinnert zich, vult en leegt een geheugen om capasiteiten te winnen voor nieuwe operaties en vooral voor onvoorziene situaties."

Herinneringe word maar geproduseer as daar in die hede 'n noodsaak daartoe bestaan. Omdat ons in ons herinneringe afhanklik is van maatskaplike en kulturele fenomeme (herinneringe is sosiaal gestruktureerd), is die vergeet daarom ook 'n sosiale fenomeen. By Hanna X word die aangename van die verlede vergeet omdat die traumatiese oorheersend was; by Chris Minnaar word "vergeet" van 'n spontane lewensloop en alles word gestruktureer rondom vroue. Só is ook Brink as skrywer werksaam. Hy "vergeet" in *Anderkant die stilte* van die positiewe aspekte van kolonisasie in sy relaas wat bly fokus op die negatiewe aspekte daarvan.

Anders as Adorno voel Brink dat dit eintlik 'n belediging aan die mensheid is as kunstenaars swyg. Boonop is dit nie waar dat "art takes the sting out of suffering". Dit verhoog eintlik die waarneming van die ervaring en intensiveer die tekstuur daarvan, of ten minste, is dit 'n transformasie van die ervaring. "If this is 'blasphemy', as Wiesel contended, or in Adorno's words 'an abomination', then – outrageous as it may sound – it is in these very abominations and blasphemies that the human mind finds its reasons for survival when the only alternative is

silence. Our blasphemy, and our only chance of redemption, lies in our indefatigable attempts to speak the unspeakable, to eat of the forbidden fruit" (Brink, 1998: 20).

In hierdie belangwekkende artikel – "Interrogating silence: new possibilities faced by South African literature" – wat soveel poëtikale uitsprake van Brink bevat, beweer hy dat taal die stilte ondersoek. Skryf demonstreer die spanning tussen dit wat gesê en dit wat verswyg word; dit wat gesê en onsêbaar is. Vervolgens brei hy uit op verskillende soorte stiltes: sekere seksuele verhoudings is in die apartheidsera eintlik verswyg omdat dit verbode was, só is ook sekere gebiede van historiese bewussyn verswyg (onder andere die misbruik van die Christelike godsdiens, rasvermenging, en die marginalisering van vroue). Elke uiting in hierdie tydperk is ook noulettend ondersoek in terme van wat juis *nie* gesê is nie; kortom 'n ondersoek na paradigmatiese seleksiekeuses.

Brink wys op die gevaar om binne so 'n klimaat literatuur te produseer wat uitmond in eenvoudige binêre opposisies: swart x wit, goed x boos en mans x vrouens. Dit is vreemd dat Brink in veral sy roman *Anderkant die stilte* geen blyke gee dat hy gehoor gee aan sy eie argument nie. Selfs representasie, vervolg Brink, kan in terme van stilte beskrywe word. Die klem op *reportage*, dit wil sê weergawe van die werklikheid, kan geplaas word teenoor 'n meer "tekstuele" representasie. Maar terwyl die twee benaderings weer eens op 'n spektrum geplaas word, behoort laasgenoemde benadering, tipies van die postmodernisme, nooit gesien te word as a-polities nie. Dit is ten nouste verbonde met 'n kritiese reaksie ten opsigte van dominasie. "Through perceiving the world as a story to be told and endlessly reshaped, I would argue, the reader is actually encouraged to act upon the world. Once the world is perceived as story, literature becomes more, not less potent" (Brink, 1998: 19). Dat die voorafgaande ruimskoots geïllustreer word in Brink se *Inteendeel* en *Duiwelskloof* behoef geen betoog nie.

Vir Brink is die geskiedenis een van die vrugbaarste terreine wat herbesoek kan word deur skrywers, omdat die oorheersende, dominante historiografiese blanke diskoers, stilte opgedwing het aan baie. Die teenoorgestelde strategie of om dit te vervang deur 'n dominante swart historiografie, beteken om in dieselfde slaggat te trap. Brink verwys na sy eie werk in *Inteendeel,* maar ook *Anderkant die stilte* sou 'n goeie illustrasie kon wees van 'n kreatiewe interaksie met (versweë) geskiedenis. Dit raak nie 'n blote opposisie nie, maar 'n diepgaande bevraagtekening. Voorts wys Brink (1998: 23) daarop dat sy huidige belangstelling uitgaan na die verbande tussen vroue en geskiedenis:

"women as presence largely excluded from official South African discourses; and history as canon."

Deur vroue sentraal te stel word twee soorte stiltes teengespreek: die marginalisering van vroue én die manlike (blank-gedomineerde) meester-narratief van geskiedenis. Brink verwys sydelings na die WVK met veel groter empatie as John. Die basiese en onderliggende uitgangspunt is dat gemeenskappe nie kan groei as hulle nie vrede gemaak het met die donkerte – en stilte – in hulself nie. As die voorafgaande nie reeds *Anderkant die stilte* by wyse van spreke in die vooruitsig stel nie, dan dien Brink se opmerkinge oor die ontdekking van Afrika, wel dié doel. Wat hom veral fassineer, is die magiese van Afrika: hul holistiese siening van die wêreld, die bewuswees van veel meer dinge in hemel en aarde as wat ons kon droom, die interaksie van die dooies en die lewendes; die alomteenwoordigheid van geeste. Dit is vir Brink 'n vorm van 'n magiese realisme wat 'n Afrika-stempel dra en reeds voorkom in spookstories en orale literatuur.

Van verskeie van die tendense wat Brink vermeld, is sy latere boeke 'n illustrasie. In al drie sy latere romans, *Donkermaan*, *Anderkant die stilte* en *Voor ek vergeet* speel vroue die hoofrolle, word hul marginale sosiale rolle en marginale posisies in die historiografie krities onder woorde gebring, word die mans as onderdrukkers en geweldenaars in die beskuldigdebank geplaas en speel aspekte van magiese realisme toenemend 'n belangrike rol. Hier kan veral gedink word aan die vermenging van die lewendes en dooies, die optrede van spoke, die rol van mites en orale vertellings en die fantasmagoriese. Desondanks word al dié werke duidelik gepresenteer as postmodernisties. Onder andere vanweë die fragmentariese struktuur, hibriditeit, die doelbewuste vermenging van aspekte van "hoë" en "lae" kultuur en die metafiksionaliteit.

André P. Brink se roman, *Anderkant die stilte* (2002) is losweg gebaseer op 'n stuk vergete geskiedenis: die verhaal van vragte Duitse vroue wat vroeg in die twintigste eeu na Duitswes-Afrika (nou: Namibië) verskeep is. Baie van hulle is (teensinnig) getroud, is in prostitusie gedwing of het uiteindelik in Frauenstein beland: 'n bykans onwerklike en onherbergsame woonplek. Dit is 'n stuk koloniale geskiedenis wat die leser ruk vanweë die minagtende en wrede wyse waarop gemarginaliseerdes (vroue en lede van die plaaslike bevolking) slagoffers geraak het van 'n patriargale, koloniale bestel. In die loop van die roman word die man in die beskuldigdebank geplaas omdat én die onderdrukkende Christelike godsdiens én die post-koloniale ekspansiedrang (en daarmee saam die wrede geweld hiermee gepaard) op sy rekening geplaas word.

In ander romans van Brink (byvoorbeeld *Houd-den-Bek,* 1982*)* word die plaaslike bevolking en die vrou saam gegroepeer as onderdruktes: eersgenoemde van die koloniseerder; laasgenoemde van die man. Hier val man, koloniseerder, verbete oud-testamentiese Christen sonder deernis, geweldenaar en verkragter nog veel sterker saam as in die 1982-roman (kyk veral 13-17, 237, 248, 261 e.v., 273).

*Anderkant die stilte* word aangekondig as 'n radikale verskuiwing in Brink se werk. Dit miskien omdat die hoofkarakter nou 'n lelike, geskende vrou is, op die oog af ver verwyderd van die tipiese Brink-heldin: beeldskoon, geëmansipeerd, seksueel-bevry en gekenmerk deur haar loshangende hare en ferm borsies. Onder die geskende uiterlike is Hanna X egter weinig verskillend van Brink se argetipiese vrouefigure. Sy is warmbloedig, vryheidsbewus én strydlustig. In dié roman tree sy voortdurend op, gesuperponeer teen haar skadubeeld, Jeanne d'Arc, wat reeds in Brink se *Inteendeel* as verwysing gefungeer het (kyk onder andere bladsye 72-75, 117, 130, 132, 168, 186 en 279). Vroue, wat slagoffer van die man se begeerte om te besit en te onderwerp is (kyk 159, 196, 237) ervaar volgens hierdie werk eintlik slegs onbaatsugtige liefde van ander vroue (kyk 86, 88 e.v.).

Resensente (soos Roodt, 2002 en Van Coller, 2002) het daarop gewys dat van Brink se bykans tipiese hebbelikhede ruimskoots aanwesig is in hierdie roman: sy neiging tot oordrywing, stereotipering en selfs karikaturisering. Swart mense is bykans sonder uitsondering edele natuurmense, en swart mans die beskermers van onderdrukte blanke vroue – 'n patroon wat reeds veelvuldig in die Brink-oeuvre voorkom (onder andere in *'n Oomblik in die wind*, 1975). Inheemse godsdienstige stelsels / mites / legendes sit vol mitiese oerkrag wat die Christelike godsdiens bleek en as bedagte versinsels laat voorkom. Boonop is laasgenoemde net gerig op wette, straf en ewige verdoemenis. Verteenwoordigers van die Christelike Kerk is deurgaans weersinwekkende figure wat sterk herinner aan Middeleeuse godsdienstige fanatici. Bykans alle mans is seksuele perverte wat óf seks koop óf afdwing – dikwels deur koelbloedige verkragting. Verteenwoordigers van die koloniale maghebbers (byvoorbeeld soldate) word almal só uitgebeeld dat die berugte Hollywood-Nazi's soos engele naas hulle vertoon. Van hierdie oordrywings is verklaarbaar (en gedeeltelik) verskoonbaar vanweë die groteske, magies-realistiese; bykans karnavaleske styl waarin die vertelling gegiet is. Barokke oordaad kenmerk inderdaad die magiese realisme én die pikareske soos gesien kan word in ander Afrikaanse romans: Etienne van Heerden se *Toorberg* en *Die swye van Mario*

*Salviati* is voorbeelde van die eersgenoemde en Etienne Leroux se *Isis, Isis, Isis* en George Weideman se *Draaijakkals* van die laasgenoemde.

In hierdie roman is veral die vertelproses interessant. Van meet af aan word dit duidelik dat daar "'n skrywer" aanwesig is wat die storie van Hanna X vertel en dat hy diepgaande navorsing – selfs in Duitsland – gedoen het oor haar en die groep vroue wat na Duitswes-Afrika gebring is (kyk byvoorbeeld: 11-16). En dan tower hy Hanna X op uit die aantekeninge: "ek sien Hanna X staan, met 'n druipende kers in haar hande, starende na 'n gebarste spieël bonkant 'n trap (…) [s]y het nie altyd so gelyk nie". Maar reeds in die openingsparagrawe (11) het die leser reeds dié sin gelees as openingsin: "Sy het nie altyd so gelyk nie", 'n procedé wat dikwels voorkom in metafiksionele romans, soos byvoorbeeld Etienne Leroux se *18-44.* Eers op bladsy 58 maak die verteller-rekonstrueerder-interpreteerder weer sy intrede. Deurgaans in die personale perspektief wat hier oorwegend gehandhaaf word, word die vertelafstand gewissel sodat die leser voortdurend daarvan bewus bly dat "'n skrywer" by wyse van spreke voortdurend oor haar skouer kyk. Op bladsy 159 is die skrywersintrede duideliker, maar dit is veral op bladsy 165 dat die proses van herkonstruksie, van *begryp* duidelik verwoord word. Maar veral ook dat hierdie herkonstruksie (soos trouens ook Schoeman se verteller in *Verliesfontein* sê) 'n vorm van boetedoening is; die skrywer is dit *as man* aan haar as mishandelde *vrou* verskuldig.

Die hele eerste gedeelte (11-161) is een durende liriese moment waar Hanna X haar dowwe spieëlbeeld in die lig van 'n flikkerende kers bekyk en dié duur word voortdurend beklemtoon (onder andere 16, 17, 25, 29, 53, 79, 161). Agter die donkerte is nie net haar geskende gesig herkenbaar nie, maar ook die dowwe kontoere van 'n vreeslike geskiedenis. Dit strek van haar jeugjare in 'n weeshuis in Bremen, via die ontberinge van 'n seereis, mutilasie en redding deur woestynbewoners en uiteindelike vestiging in Frauenstein as deel van die vroue-uitskot. Op assosiatiewe wyse word broksgewyse 'n persoonlike en traumatiese geskiedenis voltooi en in die proses word ook die self herbou en geheel; trauma word teengewerk deur dit narratologies "in te klee".

Wat getraumatiseerde slagoffers volgens Van Alphen nie kan doen nie, doen sy wel: sy onderskei 'n plotstruktuur in haar lewe, deel die rolle van protagoniste en antagoniste toe aan mense én werk na 'n denouement toe.Uit die roman is dit oorduidelik dat Brink *die skrywer* hier (wil) illustreer wat Brink *die teoretikus* betoog het in sy poëtikale artikel (Brink, 1999). Dit word enersyds 'n poging om die stilte van verswyging van die wandade van die kolonialisme te konfronteer: in

die historiografie veral, maar ook wat betref die kerk, die behandeling van weeskinders, optrede jeens die "plaaslike bevolking", ensovoorts. Andersyds probeer Brink aantoon dat trauma wel geheel kan word deur 'n narratief. Want op bladsy 159 kyk sy haarself vir die eerste keer aan, konfronteer sy dus haar traumatiese ervarings trompop en op die volgende bladsy besef sy dat sy nog gevoelens het, dat sy nog leef en pyn kan voel. Daarom stap sy ook letterlik *verby* haar spieëlbeeld (lees: haar *verlede*) en begin haar opmars.

Die geskiedenis wat hier vertel word is 'n geskiedenis van onmenslike lyding – meestal veroorsaak deur onsimpatieke en selfs wrede (veral manlike) verteenwoordigers van Kerk en Owerheid. Selde tref ons mense aan met deernis. Net enkeles – 'n simpatieke onderwyseres, 'n geesdriftige skaakspeler en 'n ou musikant op soek na die perfekte musiekinstrument – kruis die pad van Hanna X. Veelbetekenend is dat hulle feitlik almal (saam met die ou Windhoekse skoenmaker) gefnuiktes is vir wie geluk bly ontwyk. Dit wil lyk asof begenadigde, gelukkige mense in Brink se roman skaars is.

Deel II van die roman is die logiese voltooiing van die heelwordingsproses en die begin van 'n nuwe lewe. Hanna X en haar volgelinge se reis na Windhoek het as parallel Jeanne d' Arc se triomfantelike opmars na Orléans met haar aangroeiende leermag. Brink se roman is 'n travestie van dié geskiedenis. Dit word 'n bykans karnavaleske optog van geskende vroue, 'n ontmande, kreupeles en stommes. En agter die storie van Hanna X doem die figuur op van die "skrywer", die optekenaar van hierdie onwaarskynlike, bykans fantasmagoriese storie. Vir hom (kyk bladsye 12-16; 165) is dit nie net 'n poging om te begryp nie; dit is soos reeds gesê tewens boetedoening.

Daardeur gaan Brink natuurlik nog 'n stappie verder: narratiewe bring nie slegs 'n oplossing van die individuele trauma nie. Soos in Schoeman se *Verkenning* en Brink se eie *Donkermaan* bring die optekening van stories weliswaar individuele bevryding; die weergawe van die koloniale geskiedenis bewerkstellig afwerping van die eie histories-bepaalde skuldlas. Maar vir 'n hele gemeenskap bring dit ook bevryding, Raphaël Schlemilovitcht se roman *La Place de' étoile* is een van die weinige romans in Frans waar die Joodse vraagstuk grondig ondersoek word (kyk Engels, 2001). In sy bespreking maak Engels (2001: 82) 'n interessante opmerking ten opsigte van die verwerking van trauma. Volgens die roman van Schlemilovitcht is die psigoanalise wél effektief om individuele traumas op te los, maar kan geen greep kry op kollektiewe traumas nie. "Het vrije spel van de feiten uit het verleden

dat in de psichoanalytische *talking-cure* wordt vooronderstеld, wordt onmogelijk wanneer het slachtoffer 'lijdt aan de geschiedenis', omdat precies de interpretatie van historische feiten wordt bewaakt door het collectieve geheugen van de gemeenschap waar noch de pasiënt noch de analist vat op hebben." Dit lyk my daarom belangrik dat die skrywer in sy rol as historikus trag om die geykte geskiedenis anders weer te gee, te dekonstrueer, te ondergrawe en 'n alternatiewe geskiedskrywing daar te stel. Sodoende word "historiese feite" ter diskussie gestel en die oplossing van persoonlike traumas ook vergemaklik. Dit is wat Brink inderdaad hier doen in *Anderkant die stilte.*

En so is ons by die sluitmotief van hierdie roman: stories bring heling. Hanna X kon die weeshuis slegs oorleef deur haar te omring met stories; in die woestyn oorleef sy veral danksy die Nama-stories (62-64). Ten slotte kon sy haar eie skending net verwerk deur Jeanne d' Arc se storie by haar te dra en haar eie storie neer te pen (98 e.v.). Ook die titel van die roman hou hiermee verband. "Anderkant die stilte" is 'n meerduidige begrip (kyk onder andere: bladsye 23, 33, 46, 49, 64, 93, 94, 96, 100, 102, 142, 154, 176, 211, 213, 224, 234, 235, 299, 302 en 314) wat inhou die dreigende, onbereikbare, die onbekende en ook die wonder waarna gesmag word. Maar dit is ook die uitbreek uit die stilte ("Maar ons is almal geskend. En so lank as wat ons stilbly, sal dit [die onderdrukking] aanhou", 213). Deur te praat oor die onreg kom genesing.

Die slot staan in die teken hiervan. Hanna X raak oplaas bevry van die haat omdat sy verby die stilte beweeg en weet dat haar vernedering nou openbaar gemaak sal word. Sy, wie se tong uitgesny is, kry deur die vertelaksie opnuut 'n stem. Daardeur word gesuggereer dat stories stemloses stemme gee, hul bemagtig én genees. Jammer dat 'n roman wat groots kon wees homself kniehalter, juis deur 'n té veel aan woorde.

**Bronnelys**

Adorno, Theodor. 1986 [1959]. *What does Coming to Terms with the Past Mean?* In Geoffrey H. Hartmann. *Bitburg in Moral and Political Perspective.* Bloomington: Indiana University Press.

Bal, Mieke, Crewe, Jonathan & Spitzer, Leo (eds.). 1999. *Acts of Memory. Cultural Recall in the Present.* Hanover & London: University Press of New England.

Brink, André. 1998. Interrogating silence: new possibilities faced by South African literature. In Derek Attridge & Rosemary Jolly (eds.). *Writing South Africa. Literature, Apartheid, and Democracy, 1970-1995.* Cambridge: Cambridge University Press, 14-28.

———. 2002. *Anderkant die stilte.* Kaapstad / Pretoria / Johannesburg: Human & Rousseau.

Brison, Susan J. 1991. Trauma Narratives and the Remaking of the Self. In Bal, Mieke, Crewe, Jonathan & Spitzer, Leo (eds.). *Acts of Memory. Cultural Recall in the Present.* Hanover & London: University Press of New England: 39-54.

Bronzwaer, W.J.M. 1994. Ter inleiding: de Tweede Wereldoorlog tussen feit en fictie. In Hans Ester & Wam de Moor (reds.). *Een halve eeuw geleden. De verwerken van de Tweede Wereldoorlog in de literatuur.* Kampen: Kok Agora, 15-28.

Burger, Willem. 1995. Om inteendeel te sê: oor selfskepping – wanneer lewe en verte deurmekaar raak. *Literator* 16 (1): 111-126.

Cochrane, Neil. 2004. *Anderkant die stilte* as pikareske roman. Ongepubliseerde artikel.

De Schutter, Dirk. 2001 Geen nieuws van het front. In Gert Beulens, Gert e.a. (reds.). *Onverwerkt Europa. Jaarboek voor Literatuurwetenschap.* Leuven: Peeters, 24-33.

Dresden, Sam. 1991. *Vervolging, vernietiging, literatuur.* Amsterdam: Meulenhof.

Engels, Steven. 2001. Leven als Jood in Frankrijk. Modiano en Schlemilovitch contra Sartre en de Gaulle. In Gert Beulens, Gert e.a. (reds.). *Onverwerkt Europa. Jaarboek voor Literatuurwetenschap.* Leuven: Peeters, 58-84.

Erasmus, Mabel. 1995. Die verlede en versoening: Afrikaanse oorlogsliteratuur as (alternatiewe) bron van geskiedskrywing oor die individu. *Literator* 16 (2): 137-155.

Ester, Hans & De Moor, Wam (reds.). 1994. *Een halve eeuw geleden. De verwerken van de Tweede Wereldoorlog in de literatuur.* Kampen: Kok Agora.

———. 1994. Een halve eeuw geleden. In Hans Ester & Wam de Moor (reds.). *Een halve eeuw geleden. De verwerken van de Tweede Wereldoorlog in de literatuur.* Kampen: Kok Agora, 7-114.

Felman, Shoshana & Laub, Dori (eds.). 1992. *Testimony: Crises of Witnessing in Literature, Psychoanalysis, and History.* New York: Routledge.

Gilson, Elke. 2001. Als Mnemosyne door de Lethe wadt: Over de herinnering na lang vergeten in Monika Marons familiegeschiedenis *Pawels Briefe.* In Gert Beulens e.a. (reds.). *Onverwerkt Europa. Jaarboek voor Literatuurwetenschap.* Leuven: Peeters, 120-134.

Goosen, Danie. 1999. Skuld en kompensasie. Opmerkings rondom die ekonomie van skuld. *Fragmente. Tydskrif vir Filosofie en Kultuurkritiek.* 3: 127-137.

Hartmann, Geoffrey H. 1986. *Bitburg in Moral and Political Perspective.* Bloomington: Indiana University Press.

Janet, Pierre. 1973. [1889]. *L'automatisme psychologique.* Paris: Société Pierre Janet.

John, Philip. 2000. Versoening, *Aufarbeitung,* Renaissance, Verligting: Wat eis die Suid-Afrikaanse verlede van ons? *Stilet* 12 (1): 43-61.

Langer, Lawrence. 1991. *Holocaust Testimonies. The Ruin of Memory.* New Haven: Yale University Press.

Maron, Monika. 1999. *Pawels Briefe. Eine Familiengeschichte.* Frankfurt am Main: S. Fischer Verlag.

Roodt, Dan. 2002. Brink, dit stink! *Naweek-Beeld.* 5 Oktober.

Sars, Paul. 1994. De esthetica van het hermetisme: over de poëzie van Paul Celan. In Hans, Ester & Wam de Moor (reds.). *Een halve eeuw geleden. De verwerken van de Tweede Wereldoorlog in de literatuur.* Kampen: Kok Agora, 117-132.

Schmidt, Siegfried J. 1993. Gedächtenis – Erzälen – Identität. In Aleida Assman, Dietrich Harth (reds.). 1993. *iMnemosyne, Formen und Funktionen der kulturellen Erinnerung*. Frankfurt am Main: Fischer Taschenbuch Verlag.

Steunebrink, Gerrit. 1994. "ik zal niet beschaamd staan in eeuwigheid". Adorno en de betekenis van de Tweede Wereldoorlog voor de kunst. In Hans Ester & Wam de Moor. *Een halve eeuw geleden. De verwerken van de Tweede Wereldoorlog in de literatuur.* Kampen: Kok Agora, 68-79.

Van Alphen, Ernst. 1999. Symptoms of Discursivity: Experience, Memory, and Trauma. In In Bal, Mieke, Crewe, Jonathan & Spitzer, Leo (eds.). *Acts of Memory. Cultural Recall in the Present.* Hanover & London: University Press of New England, 24-38.

Van Coller, H.P. 1997. Die waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: Die Afrikaanse prosa in die jare negentig. *Stilet* 9 (2): 9-21.

———. 2002. 'n Stilte wat dawerend opklink. *Volksblad*, 4 November.

Van de Kolk, Bessel & Van der Hart, Onno. 1995. The Intrusive Past: The Flexibility of Memory and the Engraving of Trauma. In Cathy Caruth, Cathy. (ed.). *Trauma: Explorations in Memory*. Baltimore: Johns Hopkins University Press, 158-183.

Van Heerden, Etienne. 1995. "Nu tsten wij naar verf en woord": Die aangetekende verlede in Abraham de Vries se "Siënese dagboek" en Koos Prinsloo se "By die skryf van aantekeninge oor 'n reis". *Stilet* 7 (2): 11-21.

Visagie, Andries. 1997. Subjektiwiteit en geskiedenis in Etienne van Heerden se *Casspirs en Campari's. Stilet* 9 (1): 109-126.

White, Hayden. 1992. Historical Empowerment and the Problem of Truth. In Paul Friedlander (ed.). 1992. *Probing the Limits of Representation: Nazism and the "Final Solution".* Cambridge: Harvard University Press, 37-53.